# Les 20 GELIEFDE KINDERS: LIEFDE GUN MENSE OM HULLESELF TE WEES, MAAR HAAT WIL MENSE NIKS LAAT WEES NIE

## 1. Die sesde gebod sê God het mense persone gemaak

Kom ons luister weer hoe klink die sesde gebod: *"Jy mag nie moord pleeg nie."* Verlede week het ons gesien God maak mense persone. Hy maak mense só dat hulle God kan liefhê, en deel kan wees van God se liefde.

As daar tien Sebras in die wildtuin langs mekaar staan, lyk hulle vir julle elkeen anders, of lyk hulle maar dieselfde? Het julle geweet dat nie een Sebra ooit dieselfde strepe het as 'n ander Sebra nie? Al is daar 10,000 Sebras, elke Sebra se strepe is anders as enige ander Sebra se strepe!

Net so met al die wildehonde in die wildtuin. Al is daar 2000 wildehonde, nie een se kolle en kleure is ooit presies dieselfde as 'n ander een s'n nie. God maak elkeen anders.

Sneeuvlokkies is eintlik pragtige waterkristalle. As 'n mens na sneeuvlokkies onder 'n mikroskoop kyk, dan is elkeen anders. Elkeen het iets spesiaals wat 'n ander sneeuvlokkie nie het nie, al is daar miljoene.

En mense? Kyk 'n bietjie na julle vingers. Kyk na die strepies op julle vingers. Ons noem dit vingerafdrukke. Al is daar miljoene mense, nie een mens in die hele wêreld het presies dieselfde vingerafdrukke as enigiemand anders nie. Die Here maak elkeen van ons spesiaal en anders.

Dit is hoe God se liefde werk – Hy gee ons elkeen ons eie spesiale persoon om Hom lief te hê en Sy liefde te kan ontvang. Dink maar aan al julle maats – elkeen is anders. Elkeen is 'n ander tipe persoon as jy! Dit is hoe God ons lewe gee – elkeen het sy eie spesiale persoon om God mee lief te hê, en God se liefde te kan deel.

## 2. Die sesde gebod sê ons moet elke mens sy lewe gun

Ons mag nie mense doodmaak nie. Ons mag hulle nie as persone stukkend en dood vloek nie. Die Here wil hê ons moet heeltemal iets anders doen. Ons moet mense hulle lewe gun.

Dit is 'n nuwe woord wat ons moet leer: ons moet mense hulle lewe 'gun'. Wat beteken dit?

Dink julle as jy 'n Sebra vat en jy sit vir hom 'n saal op en jy sit 'n stiebeuel in sy bek, jy sal 'n Sebra soos 'n perd kan ry? Hoekom nie? Want 'n Sebra is 'n Sebra, en nie 'n perd nie! En as jy die Sebra vloek en skop en slaan? Sal hy dan 'n perd word? Jy kan 'n Sebra vloek, skop en slaan totdat hy heeltemal stilstaan, maar

sodra hy moet beweeg, gaan hy weer net soos ’n Sebra maak. Hoekom? Want ’n Sebra is ’n Sebra, en nie ’n perd nie. Jy kan nie ’n Sebra vloek en slaan en dan verander hy in ’n perd nie.

Jy moet ’n Sebra gun om ’n Sebra te wees. Dit beteken jy mag nie probeer om van ’n Sebra ’n perd te maak nie. Jy moet aanvaar ’n Sebra is ’n Sebra. ’n Sebra mag homself wees. Hy mag wees soos ’n Sebra is, en hoef nie te probeer om soos ’n perd te wees nie. ’n Sebra mag soos ’n Sebra leef – wild in die wildtuin, en nie mak soos ’n perd nie. As jy Sebras wil liefhê, moet jy help dat hulle hulleself kan wees. Hulle moet in die wildtuin kan leef waar hulle Sebras mag wees. Jy mag hulle nie soos perde op plase, in stalle of in hokke wil hou nie.

Om iemand sy lewe te gun, beteken dat jy daardie persoon moet aanvaar soos die Here hom of haar ánders as jyself gemaak het. Om iemand sy lewe te gun, beteken dat ons hom of haar gun om hom- of haarself te mag wees.

Dit is wat die Here van ons vra in die sesde gebod – om saam met mense te leef, al is hulle as persone heeltemal anders as wat ons is. Hulle mag wees soos hulle is, en ons mag soos onsself wees – want ons gun mekaar die lewe wat God ons gegee het.

**3. Verskillende persone vergun mekaar om hulleself te wees**

Ouers moet kinders vergun om hulleself te wees. As jou pa ’n boer is, mag hy jou nie ’n boer wil maak as jy eintlik ’n motorwerktuigkundige is en wil wees nie. As jou ma ’n huisvrou is, mag sy jou nie ook ’n huisvrou wil maak as jy graag verder wil gaan leer nie. Dit is hoe mense mekaar die lewe moet gun.

As jy iemand is wat graag baie praat en lag, dan mag jou ouers nie maak asof jy ’n stil kind moet wees nie. En as jy daarvan hou om nie baie te praat of baie te lag nie, dan mag jou ouers nie maak asof jy altyd met almal moet praat en met almal oulik moet wees nie. So gun ouers hulle kinders die lewe.

Kinders moet hulle ouers ook gun om hulleself te wees. Jou pa en ma is spesiale mense, en niemand sal ooit soos hulle wees nie. Daarom mag jy nie wil hê hulle moet soos ander kinders se pa’s en ma’s wees nie. Elke Sebra se pa en ma het hulle eie strepe, joune ook.

Vriende moet ook mekaar gun om hulleself te mag wees. ’n Goeie vriend is ’n vriend by wie jy jouself mag wees. So ’n vriend luister na die Here, wat sê elke vriend moet sy vriend gun om te wees soos hy of sy is.

Onderwysers moet skoliere gun om elkeen te wees soos hy is. En skoliere moet elke onderwyser aanvaar soos hy of sy is – elkeen anders as die ander een.

Net so moet mense van verskillende tale en kulture aanvaar dat elkeen mag wees soos hy is: Afrikaners mag Afrikaners wees, Vendas mag Vendas wees. Engelse mag Engelse wees. Ons gun mekaar die lewe. Ons gun mekaar om elkeen onsself te mag wees.

**4. Mense wat God haat, maak Hom niks**

Kyk wat doen die Israeliete met God:

*“[3] Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. [4] Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan ’n beeld in die vorm van ’n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!” [5] Toe Aäron dit hoor, het hy ’n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: “Môre is daar fees vir die Here!” [6] Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan.” Eks 32*

Hoekom maak hulle ’n kalf van goud en maak asof dit die God is wat hulle uit Egipteland gelei het? Kan hierdie kalf vir hulle sê wat om te doen? Kan hierdie kalf altyd saam met hulle wees? Nee. Dit is hoe hulle wil hê God moet wees. Hy moet niks hoor nie, niks sien nie, niks voel nie en niks doen nie.

Hoe is iemand as hy niks kan sien nie, niks kan voel nie, niks kan hoor of niks kan doen nie? Dan is so ’n persoon dood! Dit is hoe hulle God as persoon wil hê. Hulle wil Hom dood hê. Hoekom? Want kyk wat doen hulle dan! Dan kan hulle voor God tekere gaan net soos hulle wil. Hy is mos dood!

Hoekom wil hulle maak dat God niks kan sê, niks kan doen, niks kan hoor en niks kan sien nie? Want hulle haat dit as God iets sê. God sê altyd vir hulle wat hulle moet doen, en dit is die meeste van die tyd anders as wat hulle wíl doen. Hulle haat dit as God sien en hoor wat hulle doen, want dan voel hulle skuldig en skaam. Hulle haat dit as God iets doen, want Hy is almagtig en doen alles wat Hy wil, ánders as wat hulle dit wil hê, en dan moet hulle dit maar net aanvaar.

Daarom maak hulle God dood! Hy staan maar net so kalfstil en niksdoen terwyl hulle tekere gaan soos hulle wil.

**5. Mense wat God stilmaak, wil almal stil vloek**

Hier kom nou ’n groot geheim wat baie min mense kan raaksien!

Mense wat God stilmaak, wil ook hê dat alle ander mense stil sal wees, en nie hulleself sal wees nie. Hulle kan dit nie verdra as mense anders is as wat hulle self is nie, en nie is soos hulle wil hê ander mense moet wees nie.

Hoe kry mense dit reg om ander mense stil te kry om nie hulleself te wees nie? Hulle vloek hulle stukkend en dood.

Dit is soos met daardie Sebra. Mense wat wil hê ’n Sebra moet hom soos ’n perd gedra, vloek, slaan en skop hom tot hy stilstaan. En as hy stilstaan, dan dink hulle hul het die Sebra ’n perd gemaak.

Net so maak hulle met mense! Hulle vloek, skop en slaan mense om nie meer hulleself te wees nie. Hulle moet te bang wees om hulleself te wees. Daarom vloek hulle mense om hulle te laat wees net soos húlle hulle wil hê! Hulle wil baas wees van ander mense se lewens. Hulle wil nie ander mense gun om hulleself te wees nie.

**6. Omgekeerde lewens**

Wanneer het mense mekaar lief? Wanneer hulle mekaar gun om hulleself te wees en hulleself uit te leef, of wanneer hulle jou só vloek dat jy maar stil is en kyk hoe hulle alleen hulleself is?

Hoekom dink julle vloek kinders mekaar so baie? Dit is omdat hulle alléén hulleself wil wees en wil hê ander moet net wees soos húlle hulle wil hê. As jy jouself is en dit is anders, dan vloek hulle jou. En as jy iemand vloek? Dan is dit gewoonlik omdat jy wil hê hulle moet stil wees en nie hulleself wees nie. As jy maats het wat van jou ’n perd wil maak as jy ’n Sebra is, dink jy jy sal ’n perd word as hulle jou stil vloek?

Dink jy goeie maats vloek mekaar? Dit is die snaaksheid van sonde. Maats vloek mekaar stukkend en stil, en dan dink hulle dit is hoe maats is.

Dink julle goeie ouers en kinders vloek mekaar? Dit is ook die snaaksheid van sonde. Ouers vloek hulle kinders stil, en dan dink hulle hierdie stil kinders is goeie kinders.

Watse liefde dink julle is dit? Liefde waar ouers en kinders en maats mekaar stil vloek? Só vloek dat niemand meer sommer net hulleself wil wees nie? Dit is leeuliefde. Dit is nie rooibokliefde nie.

Julle kan maar kyk, orals waar mense met God tekere gaan en met God maak net wat hulle wil, omdat hulle dink God sien niks, hoor niks, voel niks en kan niks doen nie – probeer mense mekaar stil vloek. Hulle probeer elkeen ander mense keer om hulleself te wees.

**7. Geliefde kinders gun mekaar lewe**

God is nooit die stil God wat mense in glo nie. God het ons lief, en bewys elke dag Sy liefde aan ons. God het ons lief, en versorg ons altyd in Sy liefde. Hy is

altyd besig om in Sy liefde met ons te praat en ons te hoor. Daarom maak God se liefde ons vol met liefde vir mense – ons gun mense om hulleself te wees. En ons kyk en leer hoe verskillend mens is, en hoe spesiaal elkeen vir God is.

Daarom mag ons niemand stukkend en dood vloek nie, maar moet mense altyd gun om hulleself te wees – want hulle is spesiaal vir God, en spesiaal in Sy liefde. Hulle is persone wat God lief kan hê, en God se liefde kan ontvang – net soos God hulle gemaak het, elkeen anders.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog